

## 2 Mei - GEVANGENE

### **Skrifgedeelte Handeling 16:22-32 (NAV)**

### **Fokusgedeelte Handeling 16:26, 31**

**H**ier in Filippi sit Paulus en Silas in die tronk, met hulle bene wyd hoopgesper in 'n houtblok vasgeklem! Hulle is gevangenes, omdat hulle die evangelie van redding verkondig het. Die nag, in ondraaglike pyn na al die slae en drukking van die houtblok, bid hulle en sing lofliedere tot God. En 'n wonder gebeur! Die Here bevry hulle uit die gevangenis.

Toe die bewaarder agterkom wat gebeur het, dring die besef deur: hy is eintlik die gevangene, sy hele lewe lank was hy opgesluit gewees in 'n tronksel, die dodesel van ewige verlorenheid! Hy val bewend voor Paulus en Silas neer en vra smekend: "Wat moet ek doen om gered te word?" Hulle antwoord hom: "*Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.*"

Mens kan vry wees, sonder werklik vry te wees! Maar ook omgekeerd, jy kan selfs in die gevangenis sit, en tog vry wees (soos Paulus-hulle)! Ware vryheid vind mens immers net as jy in Jesus Christus glo!

Wat 'n heerlike genade as die mens tog net wil besef dat hy gevangene is – in die greep van sonde en hel! Nog groter is die genade as jy, by die besef hiervan, teen die mure van die dodesel begin slaan en roep: "Wat kan ek doen om gered te word?"

Dan sal jy hoor: eintlik hoef jy niks te doen nie! Jesus Christus het klaar alles gedoen, al jou skuld betaal, die volle las van jou doodstraf gedra.

Gryp in die geloof aan Hom vas en jy sal vry wees van die straf en die mag (houvas) van jou doodsbestaan! Werklik vry om te leef, geluksalig te leef, ewig te leef!

*Sing: Psalm 130:4 (1936-beryming)*

*Ds HC van Rooy (Randburg)*